# Is mans en vroue regtig gelyk? Kantlynaantekeninge oor manlike en vroulike rolle en leierskap in die Nuwe Testament

**Stephan Joubert**

In die Mediterreense wêreld rondom die eerste eeu is vroue dikwels as tweedeklas-burgers beskou. Een hardnekkige stereotipe oor vroue, wat byvoorbeeld hier gegeld het, was dat vroue minder intelligent, meer verleidelik en ook veel meer geslepe as mans was. Vroue was die amptelike besitings van hulle mans. Hulle rol en plek was grootliks ingeperk en afgegrens tot die privaatruimte van die woonhuis waar hulle hul eie mans en kinders moes dien en versorg. Toe kom deurbreek Jesus al hierdie stereotipes.

## Markus 10: Jesus deurbreek daardie patriargale stereotipes in die huwelik

In Jesus se uitsprake oor egskeiding en die huwelik in Markus 10 leer ons 'n paar lewensbelangrike lesse oor die rolle van man en vrou. Met name begrond Jesus hier die oorspronklike doel van die huwelik in Genesis 2, en nie in Moses se nood-instemming tot egskeiding in Deuteronomium 24, soos wat die Joodse godsdienstige leiers in daardie tyd gedoen het nie. Hulle het hulleself graag op Deuteronomium 24:1 beroep wat hulle toegelaat het om te skei indien hulle iets ongerymds of onbehoorlik aan hulle vroue ontdek het.

Jesus weier om enige misbruik van vroue deur mans te normeer. Hy sê dis vanweë die hardheid van mans se harte dat Moses uiteindelik hierdie toegewing gemaak het dat hulle kon skei. Dan neem Hy hulle terug na Genesis 2 as die oorspronklike bedoeling met die huwelik. Dit sê naamlik dat God die vrou as "ēzer" of helper aan die man gegee het, en dat man en vrou voor God een is. Met ander woorde, Jesus herstel weer die paradys!

Die tragiese realiteit van sonde in Genesis 3, wat gemaak het dat die man oor die vrou begin heers, word in Markus 10 deur Jesus opgehef. Hy onthef die man finaal van enige oorheersing oor sy huweliksmaat. Nou geld Genesis 2 se beginsels en vreugde weer. Nou is die vrou weer die man se gelyke as sy helper of uitredder (soos wat die Hebreeuse woord "ēzer" in Genesis 2 aandui), terwyl die man weer sy vrou as gelyke beskou en behandel. Met die aanbreek van die koninkryk van God word man en vrou permament uit die dwinglandyskap van baasskap en oorheersing bevry. Nou kan beide mekaar in liefde dien, eer, help en beskerm. Nou is man en vrou een na hart, siel, liggaam en gees. Hulle funksioneer as gelykes in status voor God en teenoor mekaar, soos wat Genesis 2 van die begin af veronderstel het.

© Prof. Stephan Joubert 2026

## Galasiërs 3:28 en Kolossense 3:11: Geen hiërargiese onderskeid meer in die kerk nie

***Galasiërs 3:26-28 (NNT)***
*26) Julle almal is nou kinders van God. Julle geloof in Christus Jesus maak julle deel van sy nuwe familie.*
*27) Julle almal wat gedoop is in Christus Jesus, het deel geword het van sy nuwe lewe. Julle het Christus soos nuwe klere aangetrek, en julle leef nou netsoos Hy.*
*28) In hierdie nuwe familie van God is almal gelyk. Hier maak dit nie meer saak of jy 'n Jood of 'n Griek is nie, En of jy 'n slaaf is, of iemand wat losgekoop is uit slawerny nie. En of jy 'n man is, of 'n vrou nie. Julle almal is nou een in Christus Jesus. Julle behoort aan Hom en aan mekaar.  29) En as julle een is in Christus, is julle ook kinders van Abraham. Dan is julle sy erfgename, presies soos wat God aan hom beloof het*

***Kolossense 3:11***
*In hierdie nuwe wêreld waarbinne julle nou leef, bestaan daar nie meer groeperings soos 'n Jood en 'n Griek nie. Of 'n besnyde en iemand wat nie besny is nie. Of 'n barbaar en 'n inwoner van een of ander slegte plek nie. Of 'n slaaf en 'n bevryde persoon nie. Hier is Christus alles, en hier is Hy ewe veel aanwesig in almal.*
.
Dikwels word hierdie kort en kragtige beginseluitsprake van Paulus oor man en vrou in Galasiërs 3 en Kolossense 3 misgekyk ten gunste van sy meer uitgebreide gesprekke oor sekere vroue wat tot swye gebring moet word in gedeeltes soos 1 Korintiërs 11 of 1 Timoteus 2. Laasgenoemde tekste, wat bepaalde gemeentelike probleme aanspreek, word gewoonlik as kerklike vertrekpunt geneem, en nie Paulus se bondige beginsel-tekste oor die statusgelykheid van alle gelowiges soos Galasiërs 3:28 en Kolossense 3:11 nie. Dit moes juis andersom gewees het.

Paulus verstaan man en vrou as mekaar se gelykes wanneer hy in hierdie kernagtige programmatiese uitsprake in Galasiërs 3 en Kolossense 3 sê in Christus is daar nie meer enige etniese onderskeidings soos Jode of Grieke, of sosiale onderskeidings soos slawe of vrymanne, of hiërargiese geslagtelike onderskeidings soos mans of vroue nie. Alle mensgemaakte grense is nou in Christus gerelativeer. Dit is van ondergeskikte belang. Die klem verskuif nou weg van sulke hiërargiese onderskeidings na geloof in Christus as die groot relativeerder van alle ander rolle wat in die samelewing geld.

## Efesiërs 5:21-33: Wie is onderdanig aan wie?

Efesiërs 5 word dikwels nadergetrek wanneer die plek en rolle van mans en vroue ter sprake is. In Efesiërs 5:21 praat Paulus met name van wedersydse onderdanigheid aan mekaar, terwyl vers 22 slegs vir vroue oproep tot sulke onderdanigheid aan hulle mans. In die Afrikaanse Bybelvertaling van 1953 word Efesiërs 5:21 egter nog as deel van 'n vorige perikoop, beskou, terwyl dit in die nuwe Afrikaanse vertalings deel uitmaak van die nuwe gedeelte oor die rol van man en vrou binne die huwelik.

Die Griekse werkwoord wat in Afrikaans vertaal word met onderdanigheid (*hupotassomai*), oftewel, selflose diensbaarheid aan ander, word slegs in Efesiërs 5:21

© Prof. Stephan Joubert 2026

gebruik, en nie in vers 22 nie. In die mees betroubare Griekse manuskripte van die Nuwe Testament wat ons vandag tot ons beskikking het, ontbreek hierdie werkwoord vir “onderdanigheid” in vers 22. Dit beteken dat vers 21 binne die Griekse sinsverband vooruit verwys na die huweliksverhouding tussen man en vrou. Anders gestel: **Paulus begin dus reeds in vers 21 om oor die huwelik te praat, asook oor mans en vroue se wedersydse diensbaarheid aan mekaar.** Op ‘n verrassende wyse roep die apostel in vers 21 mans en vroue dus op tot selflosee diens aan mekaar– ‘n punt wat dikwels in gesprekke rondom die rolle van man en vrou geïgnoreer word.

Paulus plaas die huwelik in Efesiërs 5, netsoos Jesus, ook binne die raamwerk van God se oorspronklike doel hiermee in Genesis 2. Hy praat met name hier van vroulike diensbaarheid (na aanleiding van die kerk se diens aan die Here) en van manlike liefde (soos wat die Here sy kerk liefhet, en soos wat ‘n man sy eie liggaam versorg). Binne die huwelik offer beide man en vrou egter hulle eie “regte” vrywilliglik op vir die voorreg om mekaar in die teenwoordigheid van die Here te dien en lief te hê. In hierdie verband funksioneer die kerk deurgaans as rolmodel vir die vrou rakende haar liefdesdiens teenoor haar man, terwyl die Here se dienende liefde vir sy kerk weer as rolmodel vir die man dien in sy optrede jeens sy vrou. Nooit staan dienslewering deur enige huweliksmaat los van sulke wederkerige liefdesdiens gelyktydig aan mekaar nie.

## 1 Korintiërs 11: Is die man “hoof,” of is hy net “kop”?

Die Griekse term vir “hoof,” met verwysing na die man se rol binne die huwelik, word in 1 Korintiërs 11 nie in ‘n streng hiërargiese betekenis gebruik nie. Die Griekse term “kefalē” wat hier gebruik word, en wat dikwels met “hoof” vertaal word (tesame met die foutiewe konnotasie van baasskap hieraan verbonde), beteken eerder net “kop.” Volgens vroeëre studies deur Wayne Grudem kom hierdie woord tussen die 8ste eeu voor Christus tot en met die 4de eeu na Christus 2336 keer in Griekse tekste voor wat tot ons beskikking is. Dit dui in 2000 gevalle slegs op die fisiese kop van ‘n lyf. In al die ander gevalle word “kefalē” metafories gebruik ten opsigte van die kop as die oorsprong, of die pre-eminente deel van die liggaam wat deurgaans die duidelikste sigbaar is. Dit dien sodoende as “verteenwoordiger” van die ganse liggaam. In die Nuwe Testament word laasgenoemde betekenisse meerendeels gebruik.[1]

Paulus se opmerking dat die man die kop van die vrou is, moet ook verstaan word in die lig van sy verdere stelling in 1 Korintiërs 11:3 dat God die kop van Christus is. Sou die term “kefalē” hier enige (ontologiese) rangorde tussen God en Christus veronderstel, is die Triniteitsleer in die gedrang. Dit is egter nie die geval nie.

In teologiese taal gesê: Hierdie “kop-skap” beelde in 1 Korintiers 11 dui op funksionele prominensie, nie op onveranderlike (ontologiese) gesagsposisies nie. Dit sien ons in die

---

[1] Studies deur Wayne Grudem (1985; 1990) bevind met name dat die term *kefalē* in alle Griekse tekste tussen die 8ste eeu vC en die 4de eeu nC (waarvan ons 2336 verwysings beskikbaar het), 2000 maal na die fisiese kop van ‘n persoon of dier verwys. In slegs 49 kere deur die verloop van honderde jare dui dit volgens hom op heerskappy.

© Prof. Stephan Joubert 2026

feit dat, terwyl Paulus hier noem dat ‘n man die “*kefale*” van die vrou is, noem hy in dieselfde asem dat God die “*kefale*” van Christus is. Sekerlik dui dit nie in laasgenoemde geval op ‘n ontologiese rangorde nie, maar op *funksionaliteit*. Anders gestel, Paulus bedoel hier dat Christus gekies het om ‘n bepaalde funksie van diensgerigtheid teenoor God in te neem. Hy bedoel nie dat Christus na sy ewige wese ondergeskik aan die Vader is nie. Op soortgelyke wyse neem die man binne die huwelik die funksionele posisie van “kop-wees” in. Dit verhef hom nooit op enige hiërargiese manier tot “baas” bokant die vrou nie. Kop-wees verwys eerder na sy funksionele rol van versorging, dienende daarwees en unieke leierskap binne die Christelike huwelik.

## ’n Oorsigtelike kyk na vroue se rolle en funksies in die Nuwe Testament

Die evangelies is duidelik daaroor dat vroue deel uitgemaak het van die groter dissipelkring van Jesus. Hulle is ook deur Hom onderrig (Lukas 10:38ff), iets wat nie eintlik geoorloof was in Joodse geledere in daardie tyd nie. In Lukas 8:1-3 ontmoet ons ’n aantal vroue by die naam wat deel gevorm het van hierdie groter dissipelkring van Jesus, en wat ook geldelik vir Hom gesorg het (iets wat ook nie aanvaarbaar was binne die geledere van Joodse geleerdes in daardie tyd nie).

Gelowige vroue speel ’n sleutelrol tydens die kruisiging en die opstanding van Jesus. Met name is daardie vroue wat Jesus uit Galilea gevolg het enduit op hulle pos ten tye van die kruisiging. Hulle sien waar Hy begrawe word (Lukas 23). Hierna is hulle ook die eerste getuies van die leë graf (Lukas 24). Maria Magdalena word juis hier bemagtig om die heel eerste draer van die hartklop van die Nuwe-Testamentiese *kerugma* of verkondiging te wees (Johannes 20). Sy word met name deur Jesus uitgestuur as apostel vir sy apostels met die goeie nuus dat Hy uit die dood opgestaan het.

Vroue is later ook teenwoordig by die uitstorting van die Gees (Handelinge 1-2). Netsoos in die geval met mans, ontvang vroue hier die Heilige Gees in volheid ter vervulling van die profetiese woorde van Joël dat God in die laaste dae sy Gees sal uitgiet oor al sy seuns en dogters (Handelinge 2:17).

Binne die vroegste kerk is vroue deurentyd in die kerk betrokke met kern-aktiwiteite soos onderrig, opbou en verkondiging. Priscilla gee byvoorbeeld onderrig aan ‘n man, Apollos (Handelinge 18:26). Filippus se dogters tree as profete op (Handelinge 21:9). In Romeine 16:1-2 verneem ons ook van Febe wat ‘n *diakonos* (dienskneg) en *prostatis* (weldoener) van die kerk in Kengreë is. Die Griekse woord “*prostatis*” is die ekwivalent van die Latynse term *patronus* of weldoener. Febe was kennelik dus aan die stuur van ‘n huiskerk in een van Korinte se hawedorpe, maar sy het dit dienend gedoen.[2]

[2] ‘n Paar jaar gelede het ek in ’n biblioteek by ’n Duitse universiteit op ‘n antieke Latynse teks afgekom waar die skrywer gesê het dat die Griekse ekwivalent vir ‘n Romeinse weldoener (“*patronus*”) ‘n “*prostatis*” is. Publieke weldoeners was diegene met die hoogste eer, gesag en status in die Romeinse Ryk. As Paulus dus vir Febe ‘n “*prostatis*” noem, dui dit op haar publieke leiersrol, maar ook op haar kerklike leiersrol aangesien sy Paulus en ander gelowiges se weldoener is. Ons tref dus in Febe die bloudruk vir kerklike leierskap aan, naamlik dié van ‘n dienende voorganger. Netsoos Lidia te Filippi in Handelinge 16, staan sy ook aan die hoof van ‘n kerklike gemeenskap in Kengreë.

© Prof. Stephan Joubert 2026

Paulus verwys gereeld na sy vriende, Priscilla en Akwila (Handelinge 18, Romeine 16, 1 Korintiërs 16, 2 Timoteus 4). Opvallend egter is dat hy Priscilla eerste noem, wat haar openbare statuur in die vroeë kerk onderstreep. (Die gebruik in daardie tyd was om altyd eerste na mans te verwys in enige konteks wanneer mans en vroue saam vermeld is.) Vroeër was Priscilla of Prisca, soos wat sy ook genoem is, saam met haar man die leiers van 'n huiskerk in Korinte (1 Korintiërs 16:19). In Filemon 2 hoor ons ook van Affia, asook van Lidia in Handelinge 16:15 wat aan die stuur van plaaslike huiskerke sou gestaan het. In Romeine 16:7 verwys Paulus na Junia saam met haar man Andronikus. Opvallend is dat hulle beide apostels genoem word Ons hoor ook hier van Maria en Persis se harde werk vir die Here (Romeine 16:6 en 12). In die Filippensebrief verneem ons van Sintige en Euodia as medewerkers van Paulus (Filippense 4:2-3). Trouens, hulle word hier op gelyke vlak as al Paulus se ander manlike medewerkers vermeld.

## Wat van daardie swyg-gebod?

Die swyg-gebod ten opsigte van vroue in 1 Korintiërs 11:2-6; 14:33-36 en 1 Timoteus 2:12-14 spruit waarskynlik voort uit bepaalde probleme met plaaslike vroulike profetesse in Korinte en Efese. In die lig van die feit dat vroue slegs hier in Korinte en Efese die swye opgelê word, en nie elders in ander gemeentes van die Nuwe Testament nie, lei ons af dat dit te make gehad het met sekere vroue wat die skeppingsordening en die algemene sosiale gedragskodes van daardie tyd deurbreek het. Hulle het sodoende' n verleentheid vir mede-gelowiges veroorsaak deur hulle voortvarende optrede. Ten einde hierdie probleem op te los, word vroue slegs in hierdie gemeentes tot swye opgeroep. Terloops, Paulus roep in 1 Korintiërs 14 ook vir mans tot swye op wanneer te veel van hulle in vreemde tale wil praat! Daar geld dus nie net 'n stilte-gebod ten opsigte van vroue in sekere omstandighede nie; in 1 Timoteus verwag Paulus ook van manlike onrusstokers om tot swye te kom (1 Tim 1:2-4 en 6:3-4). Onder sekere omstandighede moet Timoteus self ook stilbly (1 Tim 6:20-21)

## Meer besonderlik: daardie swygende vrou van 1 Timoteus 2

In sy rol as aankondiger, apostel en leraar onder nie-Jode (1 Timoteus 2:7), rig Paulus hom in 1 Timoteus 2 tot bepaalde probleme in die gemeente van Efese. Hy het juis vir Timoteus soontoe gestuur om dit aan te spreek. Een van die vrae wat Paulus aanroer, handel oor die rol van mans en vroue in die kerk en met name, die rol van mans en vroue in dienende leiersrolle (2:8-15).

Vir die mans skryf Paulus hier in 1 Timoteus 2:8 dat hulle op elke plek van saamkoms moet bid. Hierna wend Paulus hom in vers 9-15 tot die rol van vroue. Wanneer ons hierdie teks egter van naderby beskou, kom daar 'n paar belangrike elemente na vore wat min mense vandag raaksien.

© Prof. Stephan Joubert 2026

a. In 1 Timoteus 2:9 skryf Paulus dat vroue se uiterlike versierings nederig moet wees. Hulle skoonheid moet eerder in hulle goeie werke te sien wees. Ook moet *'n vrou* (enkelvoud!) in stilte en nederigheid leer sonder om enige outoriteit oor haar man uit te oefen. Die rede? Adam is voor Eva gemaak. Boonop was dit nie Adam wat bedrieg is nie, maar die vrou (v 13-14). Hy verbied haar om outoriteit oor haar man suit te oefen. Die rede? Adam is voor Eva gemaak. Boonop was dit nie Adam wat bedrieg is nie, maar die vrou (v 13-14).

b. Voordat ons meegevoer raak deur hierdie swyggebod: Dit is lewensbelangrik om raak te sien dat Paulus se verwysings na vroue hier deurgaans wissel tussen **enkelvoud** en **meervoud**: ***vers 9-10 is meervoud (vroue); vers 11-15a is enkelvoud (vrou); vers 15b is weer meervoud (vroue).*** Hoekom is hierdie onderskeid tussen enkelvoud en meervoud so belangrik? Wel, omdat Paulus in vers 11-15a *een spesifieke vrou* in gedagte het wat agter daardie dwalings staan wat ander vroue in die gemeente op sleeptou geneem het.[3] Ons hoor met name hier van 'n enkele vrou wat nie toegelaat moet word om te leer of outoriteit oor 'n man te hê nie.

Aan die hand van die bekende retoriese beginsel van "*vilificatio"* vanuit daardie tyd, waarvolgens jy somtyds jou opponente doelbewus as vae, identiteitlose karakters voorgehou het, hou Palus hierdie naamlose, maar plaaslik-bekende vrou in Efese, voor as iemand wat haar man domineer (soos wat hy haar in vers 12 verbied om te doen.) In 2:11 sê hy dat hierdie vrou reg geleer moet word. Die Griekse konstruksie veronderstel 'n opdrag tot onderrig aan haar — een wat sy in nederigheid en stilte moet ontvang. Sy word dus die geleentheid gebied om haar fout al lerende reg te stel.[4] Paulus sê egter nooit dat sy in die kerk of tydens eredienste moet swyg, soos wat sommige vertalings dit in die teks inlees nie. Hy verbied haar tot onderrig as sodanig. Dus moet hierdie een vrou die rol van 'n nederige dissipel inneem, net soos wat ook van manlike studente of dissipels verwag is. Dan sal sy gered word (soos wat die enkelvoudvorm van die Griekse werkwoord "sōthēsetai" in vers 15a verduidelik). Hierdie redding veronderstel geestelike herstel en verdere groei. Hierna skakel Paulus weer in vers 15b oor na die meervoud (met die werkwoord "meinōsin) as hy sê sodanige uitredding sal gebeur as hulle (dit wil sê, "vroue," of dalk selfs die egpaar wat hier vanaf 11 ter sprake is) volhard in toewyding, en as hulle ook met die nodige selfbeheersing leef.

---

[3] Op 'n tegniese vlak- Paulus verskuif vanaf "mans en vroue" in vers 8-10, tot "man en vrou" in vers 11-12. Omdat die Griekse naamwoorde hier in vers 11-12 sonder bepaalde lidwoorde gebruik word, meen sommiges dat dit steeds generies of veralgemenend gebruik word. Hulle veronderstel met ander woorde dat Paulus steeds hier van mans en vroue praat. Nou ja, ons weet dat die Nuwe Testament graag ook bepaalde lidwoorde gebruik wanneer dit op generiese wyse na "'n mens" verwys (bv. Markus 7:15). Tog is daar 'n hele aantal verse in die Nuwe Testament wat na spesifieke vroue verwys, maar waar die bepaalde lidwoord voor die term "vrou" wel ontbreek - soos in Markus 14:13 waar 'n vrou met 'n fles reukolie aan Jesus se voete neerval, of Matteus 15:22, waar ons verneem van 'n Kanaänitiese vrou, of Lukas 4:26, wat verwys na 'n weduwee van Sarfat. In Handelinge 17:4 en 34 lees ons ook van vroue sonder dat die Griekse bepaalde lidwoorde gebruik word. Dan is daar ook tekste soos Markus 5:25; Matteus 9:20ff, en Lukas 8:23 waar die term "vrou" aanvanklik sonder die bepaalde Griekse lidwoord gebruik word, maar later word die vroulike bepaalde lidwoord wel vir hulle gebruik.

[4] Hierdie opmerkings herinner sterk aan die Joodse opvattings vanuit daardie tyd dat studente in nederigheid en stilte onderrig moes ontvang. Simon, die seun van die bekende rabbi Gamaliël, het juis by geleentheid gesê: "All my days I grew up among the sages and I have found nothing better for a person than silence." Rabbi's het geweet dat daar vier fasette aan die studie van die wet verbonde is, naamlik leer, onderrig, waarneming en doen.

© Prof. Stephan Joubert 2026

## Leierskaprolle en ampte in die Nuwe Testament: Enkele riglyne

Die Nuwe Testament ken slegs vir Christus as die Hoof van Sy kerk. Hy roep en bemagtig wel verskillende mense om Sy kerk in sekere leiersrolle te dien, en om gelowiges op te bou. Die Nuwe Testament ken egter nie net twee formele ampte in hierdie verband nie, maar ’n hele aantal funksionele leierskaprolle soos dié van apostels, profete, herders, onderwysers, evangeliste (Efesiërs 4), asook diakens (1 Timoteus 3:8-13, ouderlinge (1 Timoteus 3:1-7; Titus 1:5-9) en weduwees (1 Timoteus 5:3-16). Daar was bes moontlik selfs ook twee tipe ouderlinge. Die Nuwe Testament gebruik met name ook twee terme in hierdie verband, naamlik “presbuteros” en “episkopos.” Beide word wel as “ouderling” vertaal omdat dit sinoniem gebruik word in Handelinge 20:17 en 20:28, en dalk ook in Titus 1. Hulle funksie was die beskerming van Christus se kudde teen dwaalleer, die opbou van gelowiges, en ook (in die geval van *episkopoi*) die leierskap van gemeentes. Bo en behalwe hierdie genoemde leiersrolle, verwys Openbaring 2-3 se sewe briewe ook na die “angelos” van elke gemeente. Hierdie term dui bes moontlik op die leier van elke gemeente in Klein-Asië as ontvanger en bekendmaker van die sewe briewe.

Leierskaprolle en funksies in die Nuwe Testament was kontekstueel van aard - vandaar bogenoemde uiteenlopende rolle en benamings. Nogtans was die oorhoofse doel van vroegkerklike leierskap altyd die opbou van gelowiges op die fondament wat deur die apostels gelê is, naamlik Jesus Christus (1 Korintiërs 3:10-16). Leiersrolle was deurgaans dienend en funksioneel. Dit is egter nooit eksklusief vasgevang in formele posisies, soos dié van ouderling of diaken of leraar, soos wat vandag dikwels in die kerk gebeur nie. Leierskap was geskoei op die voorbeeld van Christus as enigste Leier van die kerk. Daarom het leierskap altyd met dienende rolle en funksies verband gehou, nie met hiërargiese posisies of titels nie.
‘

Leierskap in die Nuwe Testament word altyd aan die gawes (“charismata”) van die Gees verbind. In teksgedeeltes wat aandag gee aan die gawes van die Heilige Gees (te wete, 1 Korintiërs 12-14, Romeine 12, Efesiërs 4, 1 Petrus 4), word sulke leierskapgawes in verband gebring met die toerusting en opbou van ander gelowiges. Geen instruksies dat enige van hierdie gawes slegs vir mans gereserveer is, kom egter hier voor nie. Alle gawes word altyd by wyse van God se goedheid en genade deur die Gees aan indiwidue uitgedeel soos wat Hy dit goeddink. Dit het niks met hulle afkoms, status of geslag te make nie.

In die Pastorale Briewe van Paulus (1-2 Timoteus en Titus), waar ouderlinge en diakens ter sprake is, word dit wel aan mans verbind. Maar in Romeine 16 noem Paulus weer vir Febe letterlik “die diaken van die kerk in Kengreë.” Soos reeds vermeld, noem hy haar ook ’n “prostatis” in Grieks. Dit is na my wete die mees opvallendste eretitel vir enige gelowige in die Nuwe Testament. Febe was met name die weldoener of “patron” van Paulus en vele ander gelowiges. Gegewe ons kennis oor die goed beskryfde rolle van weldoeners en

© Prof. Stephan Joubert 2026

"patrons" in die Grieks-Romeinse wêreld rondom die tyd van die Nuwe Testament, beteken dit sekerlik dat Febe die leier van die kerk te Kengreë was (en dalk ook die briefbesteller van die Romeinebrief in Rome). Maar sy het haar leierskap beoefen vanuit haar rol as dienskneg van Christus! Sy was met ander woorde 'n deurleefde diensknegleier.

## Mag vroue preek?

Algaande is prediking deur die eeue heen in die post-Nuwe-Testamentiese kerk afgegrens tot 'n aktiwiteit wat slegs op Sondae in kerkgeboue kon gebeur. Die "amptelike" verkondiging van die evangelie moes hier deur formeel-geordende (manlike) leiers behartig word wat op preekstoele stelling ingeneem het tydens geskeduleerde samekomste, bekend as eredienste. Hierdie idee is onbekend aan die Nuwe Testament. Die eerste gelowiges het aanvanklik in woonhuise bymekaar gekom waar leiers ander gelowiges in die evangelie onderrig het. Tydens hierdie byeenkomste, waar mans en vroue, oud en jonk, Jode en nie-Jode, ewe welkom was, het vroue ook bepaalde funksies vervul, en soms selfs leiding geneem. Weer eens is Febe hier vir ons 'n sprekende voorbeeld, asook Lidia van Handelinge 16, tesame met Priscilla.

Dit is belangrik om te weet dat k*erugma* of verkondiging vir die Nuwe Testament heel eerste met die inhoud van die boodskap te make het dat Jesus gekruisig is en dat Hy uit die dood opgestaan het. "Prediking" of *kerugma* gaan nooit hier oor die *vorm* van die boodskap (te wete, 'n formele preek op 'n preekstoel op 'n Sondagoggend in 'n amptelike kerkgebou) nie, maar altyd oor die *inhoud*, naamlik gesagvolle bekendmaking van die evangelie deur Jesus se geroepenes en sy uitgestuurdes.[5] Hierdie einste gesagvolle boodskap het Jesus heel eerste aan 'n vrou toevertrou, soos wat Johannes 20 vertel. Maria Magdalena was met name die eerste draer van die Nuwe-Testamentiese *kerugma* aangaande die leë graf en die opstanding.

Met die Gees se koms is die gawe van profesie aan beide mans en vroue gegee (Handelinge 2). Profesie in die Nuwe Testament behels die amptelike bekendmaking van God se wil. Omdat profesie, as die heel belangrikste opbou-gawe van die Gees aan die kerk (aldus 1 Korintiërs 14), ook aan vroue gegee is (Handelinge 21:9), is die kerk geen formele hiërargie

[5] Inderdaad is daar altyd ook 'n meer formele kant verbonde aan *kerugma* of bekendmaking van die Goeie Nuus in die Nuwe Testament. Die amptelike bekendmaking van die evangelie word in hierdie term saamgevat, maar dit word egter nooit afgegrens tot prediking tydens formele kerklike byeenkomste, of beperk tot die werk van apostels en ander vroegkerklike leiers nie. Paulus sê byvoorbeeld in Romeine 10:14 dat niemand kan glo sonder dat hulle iemand hoor wat die evangelie bekendmaak nie. Hier word *kērussein* kennelik in 'n breër verstaansraamwerk geplaas ter verduideliking van die sendingopdrag aan alle gestuurdes van Christus. Die formaat waarin hierdie verkondiging meestal in die vroegste gemeentes gegiet is was wel dié van onderrig. Ons sien byvoorbeeld in Handelinge 20 hoedat gelowiges in Troas deurnag deur Paulus in 'n woonhuis onderrig is in die evangelie. In 2 Timoteus 3:14-16 sê Paulus vir Timoteus dat die basis vir alle kerklike kerugmatiese onderrig in die Skrif geanker is. In 1 Timoteus 4 verduidelik hy ook breedvoerig vir Timoteus hoe om die regte dinge vir gelowiges te leer in sy rol as bediende van Christus (vers 6). Onder andere behels dit volgens vers 13 om vir mense uit die Skrif voor te lees, asook om hulle te bemoedig en te leer.

© Prof. Stephan Joubert 2026

met manlike predikers bo-aan die piramide nie. Die kerk bestaan uit doodgewone mense wat Jesus liefhet, en wat deur sowel manlike en vroulike voorgangers en Gees-begaafdes op verskillende maniere gedien en opgebou word ooreenkomstig hulle Godgegewe gawes.

## Ten slotte

Alhoewel mans normaalweg in die Nuwe Testament daardie rolle en funksies vervul het wat ons vandag met kerklike leierskap verbind, bestaan daar geen goeie gronde om Geesbegaafde vroue ooit uit te sluit van verskillende leierskaprolle binne die liggaam van Christus nie. Dit was welliswaar deel van die antieke Mediterreense kultuur dat vroue binneshuis geleef het en nooit te veel in die publiek op die voorgrond getree het nie. Nogtans is vroue nooit in beginsel binne die Nuwe-Testamentiese kerke weerhou van verskillende vorms van leierskap en opbouende diens aan medegelowiges nie..

Die Nuwe Testament ken voorts nie net twee "formele ampte" wat meteens alle kerklike leierskapfunksies opgeslurp het, en wat vroue per implikasie uitgesluit het nie. Leierskap was van vroeg af beoefen deur profete, evangeliste, herders, oudstes, dienendes en ander uitgestuurdes. Die bekendmaking van die goeie nuus, tesame met onderrig, geloofsopbou en dienslewering (as vernaamste opbou-gawes van die Gees in die vroegste gemeentes) is soms ook deur vroue behartig. Helaas is sulke kerklike leiersfunksies vandag grootliks ingebed in die formele ampte van ouderling, diaken en leraar. Dit sou egter 'n groot hermeneutiese fout wees om hierdie ampte by wyse van "werksreservering" slegs vir mans opsy te sit.

As dit vanuit die Nuwe Testament duidelik blyk dat vroue ook leiding geneem het in die vroeë kerk by wyse van daardie funksies en rolle wat vandag eksklusief met formele kerklike "ampte" verbind word, benodig ons dringend 'n ruimer lens om kerklike leierskap reg te verstaan. Immers, Jesus se bemagting van vroue, asook die Heilige Gees se uitstorting oor alle gelowiges, is vandag steeds geldig en waar.

**NASKRIF**: H*ierdie is nie 'n formele studiestuk of 'n indringende akademiese analise nie, maar n breë oorsig oor die Nuwe Testament se verstaan van die funksies en rolle van man en vrou, asook 'n oorsigtelike kyk na hulle leierskaprolle. Dit is bedoel as 'n hulpmiddel, nie as 'n debatsdokument nie..*

© Prof. Stephan Joubert 2026